

# DIE OMSTREDE ROL VAN JAC PIENAAR IN DIE REBELLIE VAN 1914-1915

J.C.H. Grobler

Departement Geskiedenis

Universiteit van Suid-Afrika

Posbus 392

0001 Pretoria

## The controversial role of Jac Pienaar in the Rebellion of 1914-1915

J.J. (Jac) Pienaar was one of the lesser known leaders of the rebellion. However, behind the scenes he played a significant role both in the planning phase and in the actual rebellion itself. He was the only rebel general to plead guilty on all five counts of high treason. This study shows that he was also the only rebel leader to cooperate with Prof Leo Fouché, author of the Blue Book (UG 10-'15) on the rebellion. This he never admitted. In fact, his written statement to Fouché casts the first light on the planned uprising of 15 September 1914 while the relevant chapter of the Blue Book is based largely on Pienaar's declaration. Unlike for example Sarel Alberts and General C.F. Beyers, Pienaar was a convinced rebel. This article attempts to determine the motives for his somewhat controversial actions.

J.J. (Jac) Pienaar is een van die minder bekende rebelleleiers. Tog het hy agter die skerms 'n betekenisvolle rol in die beplanningsfase en in die opstand self gespeel. Voorts was hy die enigste rebelgeneraal wat op al vyf aanklagte van hoogverraad skuldig gepleit het. Uit dié studie blyk dit ook dat hy die enigste rebelleleier was wat met prof Leo Fouché, skrywer van die Blouboek (UG 10-'15) oor die Rebelleie, saamgewerk het – iets wat Pienaar nooit erken het nie. Trouens, sy verklaring aan Fouché werp die eerste lig op die beplande opstand van 15 September 1914 en die betrokke hoofstuk in die Blouboek is grootliks op die Pienaar-verklaring gebaseer. Pienaar was, anders as byvoorbeeld Sarel Alberts en generaal C.F. Beyers, 'n oortuigde rebel. Hierdie artikel poog om die motiewe vir sy enigsins omstrede optrede te bepaal.

Een van die minder bekende figure tydens die Rebelleie van 1914-1915 was J.J. (Jac) Pienaar, die latere Administrateur van Transvaal (1938-1948). Pienaar het die rang van generaal in die rebellemagte beklee, maar oor sy rol in die opstand is tot op datum min bekend. Toe ek 'n paar jaar gelede versoek is om vir die *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek* 'n lewenskets oor Pienaar te skryf, was dit juis sy optrede tydens die Rebelleie wat my belangstelling geprikkel het. 'n Oud-kollega, prof. S.B. Spies, het destyds sy M.A.-verhandeling oor die Rebelleie geskryf en in die loop van sy navorsing 'n paar onderhoude met Pienaar gevoer. Hy het my meegedeel dat ook hy die indruk gekry het dat Pienaar 'n groter rol agter die skerms gespeel het as wat algemeen aanvaar word. Die vraag ontstaan: het Pienaar alles vertel wat hy van sy optrede tydens die Rebelleie kon onthou – of het hy nie om een of ander rede sekere dinge liewer verswyg nie?

Daar het reeds talie wetenskaplike studies en populêre werke oor die Rebelleie verskyn. Daar is ook heelwat op skrif oor die leiersfigure – sowel in die vorm van

biografieë as outobiografieë.<sup>1</sup> Maar met die uitsondering van generaal Muller se herinneringe (baie oppervlakkig) en die resente M.A.-verhandeling oor ds. H.D. van Broekhuizen het die sogenaamde ‘mindere leiers’ feitlik nog geen aandag ontvang nie.<sup>2</sup> Hierdie artikel is dan 'n poging om Pienaar se aandeel in die opstand te evalueer en in perspektief te plaas.

Tydens die rebelleverhore wat op die onsuksesvolle opstand gevolg het, is daar duidelik onderskeid gemaak tussen die leiers en die gewone rebelle. In totaal was daar 293 leiers wat ná die Rebellie weens hoogverraad vervolg sou word.<sup>3</sup> Pienaar was die enigste rebellegeneraal wat skuldig gepleit het en dit maak van hom in 'n sekere sin reeds 'n omstreden figuur.<sup>4</sup>

Jac Pienaar is op 16 April 1877 op Ladybrand in die Oranje-Vrystaat gebore. Op tienjarige ouderdom het hy saam met sy ouers na Transvaal verhuis waar hy sy skoolopleiding op Potchefstroom ontvang het. Sedert 1894 was hy aan die Rand as klerk in die poswese werksaam. Met die uitbreek van die Tweede Anglo-Boereoorlog in Oktober 1899 het hy uit sy pos bedank en as gewone burger by die kommando's onder generaal H.J. Schoeman aangesluit. Hy het aktief deelgeneem aan die gevegte rondom Colesberg en is mettertyd tot veldkornet in die kommando van generaal H.R. Lemmer bevorder. Teen die einde van die oorlog was hy kommandant van die Johannesburg-kommando. Sy mag, wat hoofsaaklik uit internasionale vrywilligers bestaan het, het tot aan die einde van die oorlog in die veld gebly. Hulle het hul wapens op Lydenburg neergelê. Pienaar het hom tydens die oorlog as 'n dapper vegter en bekware leier onderskei. Hy is drie keer gewond.<sup>5</sup>

Na afloop van die oorlog het Pienaar hom op die plaas Brooklands in die distrik Pretoria gaan vestig en deeltyds in die regte studeer. In April 1903 is hy as tydelike klerk in die aktekantoor aangestel. Die volgende jaar is hy aangestel as registrateur van brandmerke vir Transvaal en in 1908 ook as kontroleur van omheinings. Na 1910 het hy dié twee ampte op Unialevlak beklee. Op 1 Julie 1912 is hy na die Departement van Verdediging oorgeplaas.<sup>6</sup>

Die Unieverdedigingsmag is in 1912 gestig. Ten einde bekware manne te kry om in die nuwe mag te dien, is ook 'n aantal voormalige Boereoffisiere nader getrek om as staaffoffisiere opgelei te word. Onder meer is Jan Kemp, Manie Maritz, Ben Bouwer en Jac Pienaar aangestel. Na hulle aanstelling is hulle in Julie 1912 na die krygskool by Bloemfontein om verdere opleiding te ontvang. Pienaar het 'n kamer in die slaapkwartiere langs Kemp, Maritz en Bouwer, wat saam in een kamer was, betrek. Volgens Kemp het hulle dikwels die moontlike herstel van die republiekinse onafhanklikheid bespreek en Pienaar

<sup>1</sup> 'n Uitvoerige bespreking van die belangrikste gepubliseerde en ongepubliseerde werke wat voor 1980 oor die Rebellie verskyn het, is te vinde by A.M. Grundlingh, "Die rebellie van 1914: 'n historiografiese verkenning," *Kleio*, xi (1 en 2), 1979, pp. 18-30.

<sup>2</sup> C.H. Muller, *Oorlogsherinneringe* (Kaapstad, 1936); E.C. Papenfus, *H.D. van Broekhuizen se rol in die Rebellion van 1914-1915* (M.A.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1993). Kyk ook J.C.H. Grobler, "Sarel Alberts en die Rebellion van 1914-1915 – Rebel teen wil en dank," *Historia* 41(2), November 1996, pp. 46-60.

<sup>3</sup> S 2-'16 *De Senaat: Een opgave van persone die voor het Speciaal Hof voor Hoogverraad terechtgesteld werden ... 20 Maart 1916*, pp. 2-6; S.B. Spies, *The Rebellion in South Africa 1914-1915* (M.A. Thesis, University of the Witwatersrand, 1963), p. 221.

<sup>4</sup> *De Volkstem*, 30 Julie 1915.

<sup>5</sup> *Soed-Afrikaanse Biografiese Woordeboek* V (Pretoria, 1987), p. 622.

<sup>6</sup> Transvalse Argiefbewaarplek, (hierna TAB), Pretoria, Tpd 15/2 Spesiale Kriminele Sake 5-8, 1915, No 7: *Rex versus Pienaar*, Exhibits A and C, pp. 323, 325.

was 'n aktiewe deelnemer aan hierdie vertroulike gesprekke. Trouens, Kemp verklaar dat hulle "hoofde van ons militêre distrikte [sou] wees. Jacques Pienaar sou in Pretoria wees, Bouwer op Heidelberg, ek op Potchefstroom en Manie Maritz op Upington by die Duitse grens". Van die bogenoemde here sou slegs Bouwer, wat skynbaar nie volkome deur die ander in hulle vertroue geneem is nie, aan die regering lojaal bly.<sup>7</sup>

Ten einde Kemp se verklaring in perspektief te plaas, moet kortlik na die gebeure van die voorafgaande jare gekyk word. Met die Vrede van Vereeniging (1902) het die twee Boererepublieke hulle onafhanklikheid verloor. Duisende Afrikaners het egter geredeneer dat sodra Brittanje in 'n oorlog betrokke sou raak, die geleentheid aangegegryp moes word om die verlore onafhanklikheid te herstel.<sup>8</sup> Hierdie gevoel is versterk deur die verset teen die konsiliaasiebeleid ('eenstroombeleid') wat onmiddellik na unifikasie deur generaals Louis Botha en J.C. Smuts gevolg is. Kortlik het die beleid daarop neergekom dat Boer en Brit met mekaar moes versoen. Baie Afrikaners het egter gevoel dat die konsiliaasiebeleid van die regerende Suid-Afrikaanse Party (SAP) meegebring het dat die belang van Suid-Afrika en van die Boer in die proses verwaarloos word.<sup>9</sup> Teen hierdie agtergrond moet die praatjies van Pienaar-hulle oor 'n moontlike opstand gesien word.

Na die suksesvolle voltooiing van die militêre kursus is die stafoffisiere uitgeplaas – Kemp het Potchefstroom gekry en Maritz Upington. In November 1912 is Pienaar met die rang van majoor aangestel as distrikoffisier van die kommandement Oos-Transvaal, wat ook 'n gedeelte van Noord-Natal ingesluit het. Hy is op Standerton gestasioneer.<sup>10</sup> Die volgende agtien maande het Pienaar hom besig gehou met die administratiewe verpligte wat sy nuwe posisie meegebring het. Op 7 Mei 1914 het hy sy bedanking ingedien en tot die politie toegetree.<sup>11</sup>

Dit is nodig om die redes vir Pienaar se bedanking van nader te beskou. Ander senior offisiere wat nie die regeringsbeleid ondersteun het nie, soos byvoorbeeld Beyers,<sup>12</sup> Kemp en Maritz, het in hul poste aangebly; waarom nie ook Pienaar nie? Gedurende 1919 en 1920 het die gewese rebel en koerantredakteur, Harm Oost, verskeie voormalige rebelleleiers opgesoek en gevra dat hulle hul herinneringe oor die opstand op skrif moet stel. Pienaar is ook in dié verband genader. In 'n geskrewe (onvolledige) verslag oor die Rebellie het Pienaar sy redes verskaf waarom hy bedank het. Die belangrikste rede was dat hy hom nie langer met die beleid van die SAP kon vereenselwig nie. "Ek het geen geheim gemaak van my gevoelens oor die eenstroom [Botha] en tweestroom politiek [Hertzog]". Dit het hom in 'n moeilike posisie by die regering geplaas. Hy kon veral nie die regering se beleid "dat ... alleen Botha mense benoem [word] in die verdedigingsmag en daardeur die belang van die ZAP ... bevorder [word]", goedkeur nie. Op verskeie openbare vergaderings het hy sy

---

J.C.G. Kemp, *Die Pad van die Veroweraars* (Kaapstad, 1942), p. 110; UG 42-16 *Rechterlike Kommissie van Onderzoek*, Notulen van Getuigenis: B.D.J. Bouwer, pp. 40-41.

8. UG 10-15, *Rapport oor het Uitbreken der Rebellie* ..., pp. 5-6; G.D. Scholtz, *Die Rebellie 1914-1915* (Johannesburg, 1942), pp. 12-20.
9. J.C.H. Grobler, *Politieke Leier of Meeloper?* (Johannesburg, 1988), pp. 79-80, 187.
10. *De Volkstem*, 30 Julie 1915.
11. Sentrale Argiefbewaarplek, (hieraan SAB), Pretoria, A69 H. Oost-versameling, Band 26, Herinneringe en ooggetuie verslae van gebeure: J.J. Pienaar, ongeveer 1920 (ongeordend en ongenommer).
12. Hoewel Beyers se biograaf, G.D. Scholtz, beweer dat Beyers feitlik tot met die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog 'n lojalie Botha-ondersteuner was, word dit nie deur 'n deeglike bronnestudie gestaaf nie. G.D. Scholtz, *Generaal Christiaan Frederik Beyers 1869-1914* (Johannesburg, 1941), pp. 261-267; S.B. Spies, *The Rebellion in South Africa 1914-1915*, pp. 58-62.

standpunt duidelik gestel dat indien die nasionale karakter van die verdedigingsmag aangetas word, hy sy kommissie sou neerlê. Volgens hom het die regering 'n weg ingeslaan wat "die Verdedigingsstelsel <sic> hier niks anders dan een miniatuur replica ... van die imperial stelsel" gemaak het nie en gevolglik het hy uit die staande mag bedank. "Dadelik daarna het ek my by die nasionale party aangesluit en met die organisatie gehelp."<sup>13</sup> (Die Nasionale Party (NP) is, soos bekend, formeel in Julie 1914 deur generaal J.B.M. Hertzog gestig.) Ongeveer veertig jaar later het Pienaar in 'n persoonlike onderhou met Spies, feitlik nog presies dieselfde rede vir sy bedanking verstrek. Hy het bedank uit protes teen die wyse waarop "the Union Defence Force was being drawn into the orbit of Imperial defence."<sup>14</sup>

Hoewel Pienaar se bedanking eers ampelik op 7 September 1914 deur die regering aanvaar is,<sup>15</sup> het hy onmiddellik aktief tot die politiek toegetree. Een van die eerste partytakke wat hy vir die NP gestig het, was op Ermelo en dit was volgens hom 'n "groot sukses". Tydens 'n besoek aan Kaapstad vroeg in Julie het Pienaar 'n onderhou met majoor J.G.W. Leipoldt, kabelberigensor aldaar, gevoer. Leipoldt verklaar dat Pienaar hom meegedeel het dat hy uit die verdedigingsmag bedank het omdat hy hom voortaan voltyds in die politiek wou begeef.<sup>16</sup> Hy sou Transvaal help organiseer terwyl Maritz die Kaapprovinsie sou "bewerk". Pienaar sou voorts vir Leipoldt probeer oorred om ook te help om Transvaal vir die NP te organiseer. Op 'n vraag van die voorste van die Parlementêre Gekose Komitee wat die oorsake van die Rebellie ondersoek het, Patrick Duncan, of Pienaar enige ander motiewe "behalve politieke propaganda" gehad het, het Leipoldt geantwoord dat Pienaar se "voorstel had alleen betrekking tot zuiver politieke propaganda".<sup>17</sup> Dit wil dus voorkom asof Pienaar tot vóór die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog op 4 Augustus 1914 nie openlik in enige onwettige bedrywigheid betrokke was nie – hoewel daar tussen hom, Kemp en Maritz reeds 'n besondere verstandhouding moes bestaan het.

Hoewel die meerderheid Suid-Afrikaners teen 1914 dit eens was dat Suid-Afrika nie in 'n oorlog waarin Brittanje betrokke is, neutraal kon bly nie, was daar 'n groot verskil van mening oor die vraag in welke mate die Unie aan so 'n oorlog sou deelneem. Pienaar was bereid om die landsgrense te verdedig maar was gekant teen enige offensiewe optrede buite Suid-Afrikaanse grondgebied.<sup>18</sup> Hoe dit ook al sy, Botha het dadelik (4 Augustus) aan die Britse regering laat weet dat Brittanje sy troepe in Suid-Afrika kon onttrek en dat die Unieverdedigingsmag self die Unie se grense sou verdedig. Op 10 Augustus het die Uniekabinet verder besluit om, onderhewig aan die goedkeuring van die Parlement, aan Brittanje se versoek om onder meer die radiosender by Windhoek die stilswyte op te lê, te voldoen. Die ekspedisie na Duitswes sou uit vrywilligers saamgestel word.<sup>19</sup> Hoewel die volk ingelig is oor Suid-Afrika se deelname aan die oorlog, is die publiek aanvanklik nie van die beoogde Duitswes-ekspedisie in kennis gestel nie. Beyers, as Kommandant-generaal van

13. SAB, A69 Oost-versameling, Band 26: Pienaar se herinneringe.

14. S.B. Spies, *The Rebellion in South Africa 1914-1915*, p. 212 voetnoot 90.

15. *Staatscourant* 583, 2 Oktober 1914, "Gouvernemente Kennisgeving No. 1636."

16. Tydens sy verhoor na die Rebellie is beweer dat hy gaan "boer" het, kyk *De Volkstem*, 30 Julie 1915.

17. SC 1-15, *Verslag van het Gekozen Komitee op de Rebellie*, pp. 118, 144.

18. Hierdie standpunt is duidelik deur Nasionaliste in die Volksraad gestel, kyk *Debatten van Beide Huizen van het Parlement*, 9 September 1914, kolom 99-109 en 10 September 1914, kolom 109-112.

19. UG 46-16, *Report of the Judicial Commission of Inquiry into the causes and circumstances relating to the recent Rebellion in South Africa*, p. 3; O. Geyser en A.H. Marais (reds), *Die Nasionale Party I* (Pretoria, 1975), pp. 200-205.

die aktiewe Burgermag, is egter dadelik ingelig. Hy het Botha meegedeel dat hy nie bereid was om die ekspedisie te lei nie.<sup>20</sup>

Op 14 Augustus 1914 is vergaderings van die Transvaalse kommandante en staaffisiere in Pretoria belê. In albei die vergaderings het dit geblyk dat daar sterk opposisie teen 'n moontlike inval in Duitswes sou wees, maar geen bespreking van die moontlikheid is toegelaat nie.<sup>21</sup> Die oproep van 'n gedeelte van die verdedigingsmag kort daarna het dan ook tot ontevredenheid gelei omdat die mense nie ingelig is oor die doel van die mobilisasie nie.<sup>22</sup>

'n Dag of twee na die vergaderings van die Transvaalse kommandante en staaffisiere, het Pienaar deur middel van generaal Chris Muller 'n boodskap van Kemp en Maritz ontvang. Daarvolgens is Pienaar gekritiseer omdat hy uit die staande mag bedank het, "daar ik van dienst had kunnen zijn ... ik vroeg hem <Muller> wat zij bedoelden; zijn antwoord was: Zij hebben werk voor u." Daarop het Pienaar vir Beyers by sy huis besoek (waarskynlik 16 Augustus). Beyers sou toe vir Pienaar ingelig het dat hy nie bereid was om na Duitswes te gaan nie en dat hy eerder sou bedank.<sup>23</sup>

Teen die einde van Augustus was die beoogde Duitswes-ekspedisie reeds algemene kennis. Hoewel nie openlik nie, was Pienaar besonder sterk gekant teen die veldtog. Hy het gevoel dat indien Duitswes verower en Duitsland verslaan word dit slegs kon dien om die Britse Ryk nog verder uit te bou. Hy het ook die Verdedigingswet gebruik om die "onwettigheid" van die inval te illustreer. Volgens hom het die wet slegs vir defensiewe optrede deur die burgermag voorsiening gemaak en daarom het die regering, aldus Pienaar, teen die demokratiese "volksbeginsels" gehandel deur as aggressor op te tree.<sup>24</sup>

Alhoewel Pienaar se vertolking van die Verdedigingswet streng gesproke foutief was,<sup>25</sup> het hy so sterk oor die Duitswes-kwessie gevoel dat hy van voorname was om tydens die stigtingskongres van die NP van Transvaal op 26 Augustus 1914 in Pretoria 'n voorstel in te dien wat die beplande inval veroordeel. Die voorsitter, senator A.D.W. Wolmarans, het hom egter daarvan afgeraai.<sup>26</sup>

Soso aangetoon, was daar reeds voor 4 Augustus 'n ondergrondse beweging werkzaam met die doel om een of ander tyd die republiekinse onafhanklikheid te herstel. Die hoofleiers was Maritz (wat heimlik en op eie inisiatief in verbinding met die Duitsers in Duitswes was), Kemp en generaal J.H. de la Rey. Die komplot het kortlik die volgende behels. Op 5 September tydens 'n besoek van De la Rey (nou senator) aan die militêre kamp op Potchefstroom sou hy met Kemp en ander offisiere ooreengekom het dat indien die Parlement die Duitswes-veldtog goedkeur, hy op 15 September na Potchefstroom sou terugkeer. De la Rey, en indien moontlik Beyers ook, sou dan die troepe toespreek en verduidelik waarom

- 
20. UG 42-'16 *Rechterlike Kommissie van Onderzoek*, Notulen van Getuigenis: L. Botha, p. 375; G.D. Scholtz, *Die Rebellie*, p. 44.
  21. UG 46-'16, *Report of the Judicial Commission of Inquiry into the causes and circumstances relating to the recent Rebellion in South Africa*, pp. 3-4. Daar is ook hier sprake dat 'n "major Pienaar" die vergadering van die staaffisiere bygewoon het, maar dit is duidelik dat Jac Pienaar verwarr word met lieutenantskolonel Andrew Pienaar – wat volgens Kemp ook teen die moontlike invalspan gekant was. J.C.G. Kemp, *Die Pad van die Veroweraar*, p. 143; C.H. Muller, *Oorlogsherinneringe*, p. 196.
  22. Kyk byvoorbeeld *De Volkstem*, 4 September 1914; S.B. Spies, *The Rebellion in South Africa 1914-1915*, pp. 132-133.
  23. UG 10-'15, p. 13. Kyk ook SAB, A69 Oost-versameling, Band 26: Pienaar se herinneringe.
  24. SAB, A69 Oost-versameling, Band 26: Pienaar se herinneringe.
  25. Volgens G.D. Scholtz, *Die Rebellie*, p. 107.
  26. SAB, A69 Oost-versameling, Band 26: Pienaar se herinneringe; *De Volkstem*, 28 Augustus 1914.

hulle nie die Duitswes-ekspedisie kon steun nie. Pienaar beweer dat die aankoms van Beyers en De la Rey by die Potchefstroom-kamp die opstand sou inlei,<sup>27</sup> maar om die een of ander onverklaarbare rede het Beyers teen September 1914 nie meer in 'n opstand belanggestel nie.<sup>28</sup>

Pienaar het ook die vertroue van bogenoemde leiers geniet. Hy sou in Augustus verskeie gesprekke met Beyers gehad het en sy indruk van Beyers se siening was dat as daar druk op die regering uitgeoefen word, die regering eerder sou bedank as om op "haar eigen mensen te skieten." Beyers sou Pienaar ook van Maritz se reëlings met die Duitsers ingelig het. Hierdie inligting is deur Pienaar aan Leo Fouché, skrywer van die Blouboek (UG 10-'15) oor die Rebellie, verstrek in 'n verklaring toe eersgenoemde verhoorafwagting in die Pretoria-tronk was.<sup>29</sup> Aan dié verklaring van Pienaar word later in meer besonderhede aandag gegee.

Die Parlement het die invalsbesluit op 10 September (Volksraad) en 12 September (Senaat) met 'n oorweldigende meerderheid goedgekeur.<sup>30</sup> Op 12 September het Kemp en luitenant-kolonel A.P.J. Bezuidenhout (later een van Kemp se 'generaals') in Pretoria 'n onderhou met 'n teësinnige Beyers gevoer. Pienaar was ook teenwoordig en hy beweer dat besluit is dat Maritz die opstand in die Noordwes-Kaap sou begin. Daarna sou De la Rey en Kemp in Transvaal tot aksie oorgaan. Pienaar het bygevoeg dat die kampe van Kemp en Maritz as 'kern' vir die opstand gebruik sou word.<sup>31</sup>

Op 15 September het Beyers sy bedanking as kommandant-generaal ingedien. Kemp het reeds op 13 September bedank. De la Rey het intussen, nadat hy die spesiale sitting van die Parlement in Kaapstad bygewoon het, na Pretoria gereis en Beyers op 15 September ontmoet. Dieselfde aand het die twee per motor na Potchefstroom gereis waar hulle die manskappe onder Kemp sou toespreek. In Johannesburg, waar die polisie besig was om na die berugte Foster-bende te soek, is op die voertuig waarin die twee manne gereis het, gevuur en is De la Rey per ongeluk noodlottig getref. Die ontydige dood van die leier het volgens Kemp die beplande 'opstand' van 15 September in diue laat stort.<sup>32</sup>

Intussen het Pienaar nie stilgesit nie. Hy was diep betrokke in die beplande opstand. Toe hy van Beyers se bedanking verneem, het hy hom nog dieselfde middag besoek. Omdat sy bedanking 'n groot opskudding veroorsaak het, wou Beyers 'n paar dae by vriende in die Scheerpoort-omgewing, ongeveer 30 kilometer wes van Pretoria, gaan rus totdat die stof gaan lê het. Hy het toe vir Pienaar vooruitgestuur om die nodige reëlings te tref. Pienaar het na sy aankoms 'n opruende toespraak op Scheerpoort gehou waarin hy openlik die redes vir sy steun aan Beyers verstrek het. Op 16 September eers het Pienaar die nuus van De la Rey se dood verneem. Sy bewegings hierna is nie duidelik nie. Hy beweer dat hy eers 'n paar

- 
27. UG 46-'16, *Report of the Judicial Commission of Inquiry* ..., p. 8; UG 10-'15, *Rapport oor het Uitbreken der Rebellie* ..., p. 19; SC 1-'15, *Verslag van het Gekozen Komitee* ..., p. 91; S.B. Spies, *The Rebellion in South Africa*, pp. 93-94; J.C.G. Kemp, *Die Pad van die Veroweraar*, p. 154.
  28. J.C.G. Kemp, *Die Pad van die Veroweraar*, pp. 143, 147-148; S.G. Maritz, *My Lewe en Strewe* (Johannesburg, 1939), pp. 62-68; S.B. Spies, *The Rebellion in South Africa*, pp. 67, 92, 99-100; UG 10-'15, *Rapport oor het Uitbreken der Rebellie* ..., p. 11.
  29. UG 10-'15, *Rapport oor het Uitbreken der Rebellie* ..., p. 11.
  30. O. Geyser en A.H. Marais (reds), *Die Nasionale Party I*, p. 218.
  31. UG 10-'15, *Rapport oor het Uitbreken der Rebellie* ..., p. 16.
  32. UG 46-'16, *Report of the Judicial Commission of Inquiry* ..., pp. 9-10; G.D. Scholtz, *Die Rebellie*, pp. 98-100; S.B. Spies, *The Rebellion in South Africa*, pp. 103-104; J.C.G. Kemp, *Die Pad van die Veroweraar*, pp. 195-197.

dae later terug is na Pretoria. Dit skyn asof Pienaar nou op die agtergrond wou bly. Hy was bewus daarvan dat die opstand vir 15-16 September beplan was en dat die regering hom waarskynlik ook as 'n verdagte sou beskou.<sup>33</sup> Hy was skynbaar nie op 21 September by die protesvergadering teen die Duitswes-ekspedisie op Lichtenburg teenwoordig nie. Dié vergadering het 'n kommissie bestaande uit generaals Kemp, C.R. de Wet, Beyers en P.J. Liebenberg benoem om verder op die saak in te gaan. Daarbenewens is die regering versoek om alle vyandelikhede te staak en gevra om voor 30 September op die versoek te antwoord. Die regering het nie op hierdie versoek gereageer nie, want per slot van sake was die owerheid besig om 'n wettige besluit van die Parlement uit te voer.<sup>34</sup>

Op 2 Oktober het Pienaar 'n ontstuitige vergadering van De Wet op Potchefstroom bygewoon. Na die vergadering het De Wet en Kemp besluit om 'n vergadering op Koppies (tussen Kroonstad en Vereeniging) op 13 Oktober byeen te roep. Daar is ook besluit om 'n aantal invloedryke Transvalers en Vrystaters na die vergadering uit te nooi. Kemp het onder meer vir Pienaar gevra om die byeenkoms by te woon.<sup>35</sup>

'n Paar dae voor die Koppies-vergadering sou plaasvind, het die regering die tyding ontvang dat Maritz gerebelleer en na die Duitsers oorgeloop het. Op 10 Oktober is generaal Smuts van die verraad in kennis gestel en gevolglik het die regering besluit om burgers te kommandeer om die rebellie van Maritz te help onderdruk. Op 12 Oktober is Krygswet afgekondig en ingevolge daarvan is alle openbare vergaderings verbied.<sup>36</sup> Nietemin het die Koppies-vergadering tog op 13 Oktober plaasgevind.

Volgens Pienaar (soos hy in sy herinneringe aan Oost beweer) het hy met sy motor na Potchefstroom gereis en vandaar is hy met die ander afgevaardiges na Koppies. Oor die beweerde gesprek tussen hom en generaal P.J. Liebenberg sê hy niks nie.<sup>37</sup> Liebenberg het aan prof. Fouché besonderhede verstrek van sy reis saam met Pienaar in laasgenoemde se motor na Koppies. "Die dag omstreng 1 uur, terwyl zij onder een boom nabij Vredefort zaten te rusten, vroeg Liebenberg aan oud-Majoer J.J. Pienaar ... wat het doel van die vergadering te Kopjes was. Pienaar was verwonderd te zien dat Liebenberg van niets wist en zette toe de positie uiteen." Volgens Liebenberg het Pienaar gesê het dat hulle in die moeilikheid verkeer het, want "Maritz is ons bondgenoot. Wij moeten hem helpen." Pienaar sou Liebenberg meegedeel het dat "Maritz naard de Duitse grens gezonden was met het doel een opstand te beginnen op die 15de September. Kemp moet hetzelfde doen te Potchefstroom ..." Voorts het Pienaar volgens Liebenberg ook op die verdere opstands-reëlings uitgebrei. Hulle medereisigers was volgens Liebenberg nie teenwoordig toe hy en Pienaar hierdie gesprek gevoer het nie.<sup>38</sup>

In sy getuenis voor die parlementêre Gekose Komitee oor die Rebellei, afgelê op 23 Maart 1915, het Liebenberg weer uitdruklik verklaar dat hy saam met Pienaar in Pienaar se motor na Koppies gereis het en dat Pienaar hom in die fynste besonderhede van die beoogde

- 
33. SAB, A69 Oost-versameling, Band 26: Pienaar se herinneringe; UG 10-'15, *Rapport oor het Uitbreken der Rebellei* ..., p. 19.
34. UG 46-'16, *Report of the Judicial Commission of Inquiry* ..., pp. 7, 30-32; G.D. Scholtz, *Die Rebellei*, pp. 102-103.
35. SAB, A69 Oost-versameling, Band 26: Pienaar se herinneringe; UG 10-'15, *Rapport oor het Uitbreken der Rebellei* ..., p. 21.
36. *De Volkstem*, 13 Oktober 1914; UG 46-'16, *Report of the Judicial Commission of Inquiry* ..., p. 34.
37. SAB, A69 Oost-versameling, Band 26: Pienaar se herinneringe.
38. UG 10-'15, *Rapport oor het Uitbreken der Rebellei* ..., p. 27.

opstand van 15 September vertel het.<sup>39</sup>

In die Pienaar-hofsaak in Julie 1915 is Liebenberg as staatsgetuie opgeroep. Sy beëdigde verklaring wat in April 1915 tydens Pienaar se voorlopige ondersoek by die hof ingedien is, het in hooftrekke nie veel van die voorafgaande uiteenstellings verskil nie. Onder kruisverhoor van prokureur H.S. Webb het Liebenberg egter twee belangrike ‘regstellings’ gemaak. Eerstens het hy verklaar dat hy nie in Pienaar se motor gereis het nie en, tweedens, dat hy hom nie kon herinner dat hy Pienaar na die doel van die vergadering uitgevra het nie.<sup>40</sup>

Pienaar self het tydens sy verhoor ten sterkste ontken dat hy “Liebenberg op z’n auto vervoerde. Liebenberg ging op eigen gelegenheid erheen.” Hy het egter toegegee dat daar onderweg stilgehou is om te rus waartydens die vergadering van die volgende dag ter sprake gekom het.<sup>41</sup>

Voor die Regterlike Kommissie van Ondersoek (1916) het Liebenberg in sy getuenis herhaal dat Pienaar hom van die beoogde opstand vertel het.<sup>42</sup> In die verslag van die Regterlike Kommissie oor die Rebellie wat grootliks gebaseer is op die getuenis van die ondervraagdes, is Liebenberg se weergawe van die gesprek tydens die reis na Koppies aanvaar.<sup>43</sup>

In 1916 het ’n kort skets oor die Rebellie deur H.S. Webb verskyn. Hy verwerp Liebenberg se getuenis deur te beweer dat Pienaar geensins as ’n leier van die beswaardes beskou kan word nie en dat hy onmoontlik oor al die besonderhede wat hy aan Liebenberg sou verstrek het, kon beskik. Liebenberg, een van die vier gekose leiers tydens die protesvergadering op Lichtenburg (21 September) weet van die beplande opstand niks, terwyl Pienaar, ’n ‘ondergeskikte’, alles weet. Voorts sou Pienaar volgens sy eie verklaring (Webb gee nie sy bron aan nie) nooit sulke dinge aan Liebenberg vertel het nie. G.D. Scholtz ondersteun Webb se siening.<sup>44</sup> Die probleem is egter dat Pienaar geensins ’n onderskikte rol voor 13 Oktober gespeel het nie. Hy was diep betrokke in die sameswering en daar bestaan ook geen rede waarom hy Liebenberg nie in sy vertroue sou geneem het nie. Webb was klaarblyklik die rebelle se saak goedgesind, terwyl Scholtz destyds nie toegang tot die relevante argivale bronne gehad het nie. Die vraag is egter nie of Pienaar en Liebenberg saam in een voertuig na Koppies gereis het nie, maar of die gesprek tussen hulle onderweg daarheen wel plaasgevind het. In die lig van die beskikbare getuenis wil dit voorkom asof dit die geval was. Hoewel Liebenberg moontlik sy gesprek met Pienaar enigszins kon ingekleur het, bestaan daar geen twyfel dat dit ’n groot element van waarheid bevat nie. Oor kleiner besonderhede was hy soms onseker, maar in elkeen van sy drie verklarings – in die hof as staatsgetuie; voor die Gekose Komitee en voor die Regterlike Kommissie – het sy storie in breë trekke dieselfde gebly.

In hierdie stadium moet iets meer oor Liebenberg gesê word. Alhoewel hy op 21 September benoem is as een van die vier komiteelede wat reëlings sou tref vir moontlike

39. SC 1-'15, *Verslag van het Gekozen Komitee* ..., p. 146.

40. TAB, Tpd 15/2, no 7: *Rex versus Pienaar*, p. 362.

41. *De Volksstem*, 30 Julie 1915.

42. UG 42-'16, *Rechterlike Kommissie van Onderzoek*, Notulen van Getuigenis: Liebenberg, p. 124.

43. UG 46-'16, *Report of the Judicial Commission of Inquiry* ..., p. 34.

44. H.S. Webb, *Oorzaken van de Rebellie* (Pretoria, 1916), pp. 65-66; G.D. Scholtz, *Die Rebellie*, pp. 160-164.

verdere protesvergaderings, het hy hom kort daarna heimlik van die protesbeweging onttrek.<sup>45</sup> Gustav Preller was sub-redakteur van *De Volkstem* ('n regeringskoerant) maar het heimlik met die oogmerke van die protesteerders gesimpatisieer. Op 30 September 1914 het hy in sy persoonlike dagboek aangeteken dat hy die vorige dag verneem het dat Liebenberg "die hele spul weggegee 't" deur aan Botha te sê dat daar 'n sameswering bestaan om 'n "omwenteling te weeg [te] breng." Liebenberg sou voorts teenoor Botha erken het dat hy ook by die sameswering betrokke was. Ongelukkig sê Preller nie van wie hy (Preller) hierdie inligting bekom het nie.<sup>46</sup>

Na watter "sameswering" het Liebenberg verwys? Soos gesê het die dood van De la Rey die eerste poging om te rebelleer blykbaar laat skipbreuk ly. Sover vasgestel kon word was Liebenberg tussen 21 en 29 September nie in verbinding met Kemp of De Wet nie.<sup>47</sup> Indien daar opnuut 'n sameswering aan die broei was, hoe het Liebenberg daarvan te wete gekom? Die vermoede bestaan dus dat Liebenberg vir Botha in kennis gestel het van die "beplande opstand" wat De la Rey en Kemp 'n geruime tyd vroeër reeds vir 15-16 September georganiseer het. In Maart 1915 het Liebenberg egter voor die Gekose Komitee uitdruklik ontken dat hy enigets van die beplande opstand van 15 September geweet het totdat hy die besonderhede van Pienaar verneem het. Maar die opstand is lank reeds bespreek en beplan en dit is heel onwaarskynlik dat Liebenberg, 'n goeie vriend van De la Rey, nijs van die 15 September-komplot sou geweet het nie. Hy was per slot van sake in die posisie om oor eerstehandse kennis van die sameswering te beskik.<sup>48</sup> Dit wil voorkom asof Liebenberg nie die volle waarheid aan die Komitee vertel het nie – en dit moes hy met die medewetene van Botha gedoen het. Preller se getuenis kan as betroubaar aanvaar word want daar bestaan geen logiese rede waarom hy so iets sou fabriseer nie. Dit beteken dus dat Liebenberg as informant van die regering opgetree het; dat hy sy onkunde teenoor Pienaar geveins het en dat nijs wat laasgenoemde hom vertel het eintlik nuus vir hom was nie. Die rebelle – Pienaar inklius – was natuurlik nie bewus van Liebenberg se ommeswai nie.<sup>49</sup> Dog ten spyte van Liebenberg se dubbele rol kan sy getuenis rondom die gebeure tydens die reis na Koppies in breë trekke aanvaar word.

Op 13 Oktober het sestien persone agter geslotte deur op Koppies vergader. Volgens Fouché wou die aanwesiges 'n landwyre rebellie organiseer. Hierdie standpunt kan egter nie aanvaar word nie. Selfs Liebenberg, wat beslis geen rede gehad het om iets weg te stek nie, getuig dat die *doel* van die vergadering nie was om hulp aan Maritz te verleen nie.<sup>50</sup> Die feit dat De Wet, Kemp en Pienaar sedisie beoog het, beteken nie dat die vergadering as sodanig hom daaraan skuldig gemaak het nie. De Wet was eerste aan die woord en het hom ten gunste van 'n gewapende opstand uitgespreek. Hierin is hy deur Pienaar gesteun.<sup>51</sup> Hy

- 
45. UG 42-'16, *Rechterlike Kommissie van Onderzoek*, Notulen van Getuigenis: Liebenberg, pp. 122-123; UG 46-'16, *Report of the Judicial Commission of Inquiry* ..., p. 31.
  46. TAB, A787 G.S. Preller-versameling, Band 264, *Rebellie 1914: Aantekeningboek*, 30 September 1914, p. 88.
  47. UG 42-'16, *Rechterlike Kommissie van Onderzoek*, Notulen van Getuigenis: Liebenberg, p. 123.
  48. SC 1-'15, *Verslag van het Gekozen Komitee* ..., pp. 152-153.
  49. UG 42-'16, *Rechterlike Kommissie van Onderzoek*, Notulen van Getuigenis: Liebenberg, pp. 123-124.
  50. UG 10-'15, *Rapport oor het Uitbreken der Rebellie* ..., p. 27; TAB, Tpd 15/2, no 6: *Rex versus P. Grobler*, p. 283.
  51. J.C.G. Kemp, *Die Pad van die Veroweraars*, pp. 256-261; UG 46-'16, *Report of the Judicial Commission of Inquiry* ..., p. 35.

was "daarvoor dat ons hem <Maritz> dadelik moes te hulp kom."<sup>52</sup> Liebenberg wou egter 'n konfrontasie met die regering vermy en was bevrees dat die heethoofdiges die oorhand in die vergadering sou kry. Gevolglik het hy 'n voorstel ingedien dat 'n deputasie na die regering gestuur word om onder meer 'n antwoord te vra op die verskillende besluite van die protesvergaderings en om te versoek dat die Suid-Afrikaanse troepe uit Duitswes onttrek word.<sup>53</sup> Hoewel De Wet, Kemp en Pienaar teen die deputasie-voorstel was, is dit ten slotte met 'n groot meerderheid aanvaar.<sup>54</sup>

'n Kommissie van nege lede is benoem om na die regering te gaan en sou daarna op 22 Oktober op die plaas Middellyn naby Koppies verslag doen oor die uitslag van sy onderhoud met die regering.<sup>55</sup> In sy herinneringe verklaar Pienaar dat hy "geen resultaat verwag aangesien die Regering een uiterst Imperiale houding aanneem"<sup>56</sup> – dit was profetiese woorde maar hy kon net sowel bygevoeg het dat die deputasie-voorstel totaal onrealisties was – Maritz het gerebelleer – en die regering kon beswaarlik anders as om op te tree. Die onderhoud met Botha op 14 Oktober het dan ook op 'n dooie punt uitgeloop.<sup>57</sup>

Sover vasgestel kon word het Pienaar, hoewel nie lid van die deputasie nie, hom ook teen 14 Oktober in Pretoria bevind. Een van die eerste dinge wat hy gedoen het, was om vir Beyers op te soek.<sup>58</sup> Tydens die besoek – volgens mev. Beyers was dit op 17 Oktober – het Pienaar en Beyers die posisie bespreek.<sup>59</sup> Pienaar beweer dat hy reeds vroeër verneem het dat die regering van voorneme was om al die voormanne van die protesbeweging in hegtenis te neem. Daar was snags speurders buite sy huis en bedags is hy agtervolg. Volgens Pienaar was Beyers huiwerig om aan die gewapende protes deel te neem en wou hy 'n lae profiel handhaaf. Pienaar het egter besluit om Pretoria te verlaat en wou Beyers met hom saamneem. Pienaar het vriende in die distrik gehad, in die Scheerpoort-omgewing. Hy het Beyers weer die 18de besoek en hom sy planne meegedeel en verduidelik dat dit makliker sou wees om Beyers se veiligheid op die platteland te verseker as in Pretoria. Aanvanklik, aldus Pienaar, was Beyers nie geneë om Pretoria te verlaat nie, maar toe sy boesemvriend van hulle skooldae af, ds. Chris Neethling, ook opdaag en hom aanraai om liewer die omgewing te verlaat, het Beyers ingewillig. Beyers, Pienaar en ds. Neethling is toe saam na laasgenoemde se pastorie waar hulle die aand van 18 Oktober oornag het.<sup>60</sup>

Beyers het Pienaar beloof dat hy die volgende dag na Scheerpoort sou gaan waar laasgenoemde vir hom verblyf kon reël, en indien nodig, ook beskerming. Vieruur dieoggend van 19 Oktober het Pienaar te perd na Scheerpoort vertrek en daarin geslaag om, soos oorengerekom, vir Beyers verblyf by J.J. Wolmarans, 'n gemeenskaplike vriend, te reël. Intussen het ds. Van Broekhuizen by die pastorie opgedaag en aangebied om Beyers te vergesel. Die twee mans het op die 20ste met dagbreek by Wolmarans aangekom. Pienaar het intussen vir homself verblyf by J. Genis gereël waar Beyers en Van Broekhuizen hom

52. SAB, A69 Oost-versameling, Band 26: Pienaar se herinneringe.

53. UG 46-'16, *Report of the Judicial Commission of Inquiry* ..., p. 35.

54. SAB, A69 Oost-versameling, Band 22(b): Kemps Verklaring (ongeorden en ongenommer).

55. J.C.G. Kemp, *Die Pad van die Veroweraar*, p. 260; UG 10-'15, *Rapport oor het Uitbreken der Rebelie* ..., p. 28.

56. SAB, A69 Oost-versameling, Band 26: Pienaar se herinneringe.

57. UG 46-'16, *Report of the Judicial Commission of Inquiry* ..., pp. 35-36.

58. SAB, A69 Oost-versameling, Band 26: Pienaar se herinneringe.

59. SAB, A69 Oost-versameling, Band 27, Herinneringe en ooggetuie verslae van gebeure: Mev. Beyers (ongeorden en ongenommer).

60. SAB, A69 Oost-versameling, Band 27: Mev. Beyers; H. Oost, *Wie is die Skuldiges?* (Johannesburg, 1958), pp. 202-203.

later in die dag ontmoet het.<sup>61</sup> Die drie is van hier na die plaas van C.G. Wolmarans, ook in die Scheerpoort-omgewing. Wat Pienaar-hulle nie geweet het nie was dat Genis kort na hulle vertrek die plaaslike polisie in kennis gestel het dat hulle besig was om hulle voor te berei om teen die regering in opstand te kom.<sup>62</sup> Hierdie nuus het gou by Botha uitgekom.<sup>63</sup>

Intussen het talle burgers by Beyers-hulle aangesluit, waarvan sommige gewapen was. Sedert hul aankoms op Scheerpoort, het Pienaar, nie sonder rede nie, die gevoel gehad dat hulle deur die plaaslike inwoners en die polisie dopgehou word. Gevolglik is daar besluit dat dit veiliger sou wees as Beyers uit die omgewing padgee. Die aand van 22 Oktober het Beyers en Pienaar na Damhoek, ongeveer 20 kilometer daarvandaan, vertrek. Pienaar kon dus die Koppies-vergadering van 22 Oktober, soos vroeër afgespreek, nie bywoon nie.<sup>64</sup> Terloops, in Fouché se verslag word twee maal gemeld dat Pienaar die Koppies-vergadering van 22 Oktober bygewoon het en Pienaar self het jare later in 'n onderhoud beweer dat hy op die vergadering teenwoordig was – duidelik 'n geval waar sy geheue hom in die steek gelaat het.<sup>65</sup>

Die nuus dat Beyers in die Damhoek-omgewing was, het vinnig versprei en teen 24 Oktober het hy ongeveer 150 man by hom gehad.<sup>66</sup> Aangesien daar besluit is dat Beyers op 27 Oktober 'n groot vergadering op die Rustenburg-proefplaas sou hou waartydens hy sou verduidelik waarom hy teen die regeringsbesluit protesteer, het Beyers op 25 Oktober met 'n kommando van ongeveer 50 man na die plaas Commissiedrift buite Rustenburg vertrek. Die res van die kommando wat by Damhoek agtergebly het, is deur Beyers onder bevel van Pienaar geplaas. Kort daarna is Pienaar tot waarnemende generaal (daar word ook na hom verwys as 'veggeneraal') verkies en J.J. Wolmarans tot kommandant.<sup>67</sup> Die kommando het die volgende drie dae op Damhoek vertoeft en dieoggend van 29 Oktober het Pienaar die nuus verneem dat Beyers nooit Rustenburg bereik het nie, maar op Commissiedrift met regeringstroepe onder Botha gebots het. Na die skermutseling het Beyers-hulle op die vlug geslaan.<sup>68</sup>

Toe Pienaar die nuus ontvang, het hy nog dieselfde nag met sy kommando van ongeveer 350 man na Zoutpansdrift, die plaas van kommandant J.A. (Rooi Jan) du Plessis padgegee. Du Plessis het op 27 Oktober vir Pienaar besoek, en volgens laasgenoemde is ooreengekom dat Du Plessis 'n kommando op die been sou bring. Die oggend van 30 Oktober het Pienaar hom by Du Plessis, wat ongeveer 200 man by hom gehad het,

- 
61. SAB, A69 Oost-versameling, Band 26: Pienaar se herinneringe en J.J. Wolmarans se herinneringe, 7 September 1919. Pienaar het dus nie vir Beyers en Van Broekhuizen na Scheerpoort vergesel soos deur die Regterlike Kommissie van Onderzoek beweer word nie. UG 46-'16, *Report of the Judicial Commission of Inquiry* ...., p. 38.
  62. SAB, JUS, Band 199, lêer 3/892/14, Ramm - District Commandant, 21 October 1914 en Geale - District Commandant, 21 October 1914.
  63. UG 42-'16, *Rechterlike Kommissie van Onderzoek*, Notulen van Getuigenis: S.F. Alberts, pp. 169-170.
  64. SAB, A69 Oost-versameling, Band 26: Pienaar se herinneringe; J.C.G. Kemp, *Die Pad van die Veroweraar*, pp. 262-263.
  65. UG 10-'15, *Rapport oor het Uitbreken der Rebellie* ..., pp. 31, 36; S.B. Spies, *The Rebellion in South Africa*, p. 170 voetnoot 75. Kyk ook E.C. Papenfus, *H.D. van Broekhuizen se Rol in die Rebellie*, p. 107 voetnoot 53.
  66. J.C.H. Grobler, *Politieke Leier of Meeloper?*, p. 167.
  67. SAB, A69 Oost-versameling, Band 26: J.J. Wolmarans se herinneringe, 7 September 1919.
  68. G.D. Scholtz, *Die Rebellie*, pp. 219-220; SAB, A69 Oost-versameling, Band 26: Pienaar se herinneringe.

aangesluit. Ook kaptein J.J. (Jopie) Fourie, wat in die omgewing was, is aangesê om met sy nagenoeg 40 man na Zoutpansdrift te kom. Die aand is 'n krygsraadsvergadering gehou waartydens besluit is om Pretoria aan te val. Daar is geredeneer dat aangesien duisende regeringstroepe na die distrikte Rustenburg en Lichtenburg uitgestuur is, Pretoria waarskynlik min weerstand sou bied.<sup>69</sup> Voordat hierdie onrealistiese besluit in werking gestel kon word, is Pienaar-hulle op 31 Oktober deur 'n sterk regeringsmag onder kommandant Koos van Heerden aangeval. Die rebelle het daarin geslaag om sowat 40 regeringstroepe te vang, wat ontwapen en toe vrygelaat is.<sup>70</sup> Dit was niemendien vir Pienaar duidelik dat hulle botsings met die goed toegeruste regeringsmagte moes probeer vermy. Pienaar se kommando het 'n ernstige tekort aan perde gehad en die groot getal voetgangers het die beweeglikheid van sy mag grootliks aan bande gelê.<sup>71</sup>

Teen November 1914 het Pienaar die volgende kommandante onder hom gehad: Sarel Alberts, Danie Fouché, J.J. Wolmarans, Rooi Jan du Plessis en Jopie Fourie (deur Pienaar as kommandant aangestel). Soms het die kommandante selfstandig opgetree. Die volgende agt weke tot met sy gevangeneming het Pienaar in verskeie skermutselings deelgeneem, maar altyd met die idee om uit die pad van die vyand te bly. Die volgende veldslae kan genoem word: Warmbad (6 November), Zandfontein (8 November), Hammanskraal (23 November), Du Toitskraal (1 Desember) en Nooitgedacht (16 Desember) in die distrikte Waterberg en Pretoria.<sup>72</sup>

Op 14 Desember het kommandante Alberts, Wolmarans en Fouché besluit om tydelik na die Damhoek-omgewing terug te keer. Du Plessis wou sy plaas Zoutpansdrift besoek, terwyl Pienaar en Fourie met 'n klein gevolg na Nooitgedacht, oos van Pretoria, sou gaan – dit was belangrik vir die rebelle om in kleiner groepies te verdeel en aan die beweeg te bly. Op 16 Desember sou Pienaar-hulle weer by Du Plessis aansluit, maar op daardie dag het die slag van Nooitgedacht plaasgevind en in die botsing is Jopie Fourie en feitlik al die rebelle gevange geneem. Pienaar en drie ander het daarin geslaag om te ontsnap en die volgende dag by Rooi Jan du Plessis uit te kom. Intussen het Du Plessis verneem dat Alberts, Wolmarans en Fouché gevang is. Pienaar-hulle het toe besef dat die enigste kans wat hulle nog gehad het, was om Duitswes te probeer bereik en aansluiting by Kemp en Maritz te soek.<sup>73</sup> Teen daardie tyd was Pienaar se kommando na nege gevegte baie uitgedun en feitlik die enigste oorblywende rebellegevegseenheid in die Unie. Omdat Du Plessis ongesteld was en nie die lang, moeisame reis sou kon hanteer nie, het net Pienaar met 'n geleide van elf of twaalf man die tog aangepak. Noord van Mafeking in die Kalahari moes hy egter aan regeringsmagte onder kommandant P.J.W. du Plessis van die Zeerust-kommando oorgee. Dit was op 31 Desember 1914 of 2 Januarie 1915 – die bronre verskil oor die juiste datum. "Hij had toe slechts twaalf man bij hem. Die waren de laatsten van

- 
69. SAB, A69 Oost-versameling, Band 26: Pienaar se herinneringe en Band 27: J.A. du Plessis (ongeorden en ongenummer); TAB, Tpd 15/2, no 7: Rex versus Pienaar, Exhibit J (Krygsraadsbesluit), p. 334.
70. UG 42-'16, *Rechterlike Kommissie van Onderzoek*, Notulen van Getuigenis: B.I.J. van Heerden, p. 103.
71. SAB, A69 Oost-versameling, Band 26: Pienaar se herinneringe.
72. J.M. de Wet, *Lewenskets van Jopie Fourie* (Johannesburg, 1940), pp. 85, 88; TAB, Tpd 15/2, no 7: Rex versus Pienaar, pp. 309-310.
73. SAB, A69 Oost-versameling, Band 27: J.A. du Plessis en Band 23: J.P. Fourie en S.L. Prinsloo (ongeorden en ongenummer).

de rebellen", het Du Plessis die posisie opgesom.<sup>74</sup>

Op 5 Januarie 1915 is Pienaar en sy volgelinge in die Pretoria-tronk geplaas.<sup>75</sup> Intussen het die regering besluit dat al die rebelleleiers eers deur 'n magistraat aan 'n voorlopige ondersoek onderwerp sou word. Daarna sou 'n spesiale hof, bestaande uit drie regters van die Hooggereghof, die sake verhoor. Pienaar is in 'n sel saam met Piet Grobler (L.V. vir Rustenburg), ds. Van Broekhuizen en ds. H.C.M. (Herman) Fourie, kommandant en latere Bybelvertaler, geplaas.<sup>76</sup>

In 'n sekere sin was Pienaar se voorlopige ondersoek bloot 'n formaliteit. Hy het op 5 April in die hof verskyn en op 30 April is hy formeel weens hoogverraad aangekla. Reeds tydens sy voorlopige verhoor het Pienaar op al vyf aanklagte skuldig gepleit: dat hy tussen 20 Oktober 1914 en 2 Januarie 1915 gerebelleer het; dat hy die rang van generaal van die rebellemagte beklee het; dat hy aan verskeie gevegte teen regeringsmagte deelgeneem het; dat hy Pretoria met sy rebellemag wou aanval en dat hy wederregtelik vuurwapens, perde en so meer gekommandeer het.<sup>77</sup>

Pienaar het op 20 Julie voor die Spesiale Hof verskyn en is op 28 Julie tot vier jaar tronkstraf gevonnis.<sup>78</sup> In sy uitspraak was regter J.H. Lange, volgens die hofverslaggewer van *De Volkstem*, heel simpatiekgesind en "veel minder hard ... dan tegen de vorige beschuldigden".<sup>79</sup> Kort nadat hy gevonnis is, is Pienaar na die Fort-gevangenis in Johannesburg oorgeplaas waar al die rebelleleiers hulle vonnissoe sou moes uitdien.

Terwyl die Rebellie nog volstoom aan die gang was, is Leo Fouché deur Smuts opdrag gegee om 'n rapport oor die redes vir die uitbreek van die Rebellie te skryf. Die verslag (UG 10-'15) gee 'n eensydige beeld van die opstand. Trouens, Fouché self het jare later aan van sy studente erken dat hy slegs 'n opdrag uitgevoer het, alhoewel hy dit nooit in die openbaar erken het nie.<sup>80</sup> Nasionaliste het Fouché se verslag veroordeel, terwyl die SAP-ondersteuners dit geloof het.<sup>81</sup> Hoe dit ook al sy, in die verslag word herhaaldelik na 'n onbekende rebelleleier verwys, byvoorbeeld "Het volgende uittreksel uit een vrijwillige verklaring in de gevangenis afgelegd door een van de voornaamste van de samenzweerders, toont ons de grondslag van het komplot" (p. 11); inligting bekom van "een oud-offisier, die kort te voren zijn bedanking uit de Verdedigingsmacht had ingedient" (p. 13); "Een van de voorneemste samenzweerders was bij dat onderhoud aanwezig. Het volgende is een uittreksel uit zijn reeds vermelde verklaring" (p. 16). Hoewel lesers van die verslag in Maart 1915 moes gewonder het wie die geheime informant was, na wie se verklarings Fouché

- 
74. UG 42-'16, *Rechterlike Kommissie van Onderzoek*, Notulen van Getuigenis: P.J.W. du Plessis, p. 195; UG 46-'16, *Report of the Judicial Commission of Inquiry* ..., p. 66. Die twee bronne gee die datums aan as 31 Desember, terwyl TAB, Tpd 15/2, no 7: Rex versus Pienaar, p. 325 en p. 358 die datum as 2 Januarie 1915 aangee.
75. *Transvaal Leader*, 5 January 1915.
76. TAB, A356 H.D. van Broekhuizen-versameling, Band 10(a): "Ons Protesteer", pp. 120-121.
77. TAB, Tpd 15/2, no 7: Rex versus Pienaar, pp. 309-310, 342-343.
78. TAB, Tpd 15/2, no 7: Rex versus Pienaar, pp. 300-301, 319-322.
79. *De Volkstem*, 30 Julie 1915. Kyk ook *De Volkstem*, 28 Julie 1915.
80. Kyk SAB, A69 Oost-versameling, Band 25, beëdigde verklaring deur W.P. van R. van Oudtshoorn, 7 Junie 1952; F.A. Mouton, "Professor Leo Fouché, the History Department and the Afrikanerization of the University of Pretoria," *Historia* 38 (1), May 1993, p. 54.
81. *De Volkstem*, 2 Maart 1915; TAB, A787 G.S. Preller-versameling, Band 263 bevat talle koerantberigte waarin die rapport heftig gekritiseer word. Smuts self het dit as "zeer onpartijdig" bestempel, terwyl Hertzog van mening was dat die rapport "met voorbedachten raden geschreven" was: *Volksraad Debatten*, 1 Maart 1915, kolom 20 en 2 Maart 1915, kolom 50.

herhaaldelik verwys het, het dit in April geblyk Jac Pienaar te wees.

Fouché het Beyers as die hoofleier van die opstand teen die regering beskou. Geen moeite word ontsien om Beyers by die 'Duitse konneksie', waarvoor Maritz hom so sterk beywer het, te betrek nie.<sup>82</sup> En in hierdie proses beklee die verklaring van Pienaar 'n belangrike plek – want die verklaring verskaf die eerste getuienis dat daar op 15 September landwyd 'n rebellie teen die regering sou uitgebreek het; en dat die Duitsers aktief daaraan sou deelgeneem het. Daar bestaan egter geen konkrete bewys dat Beyers in 1914 persoonlik met die Duitsers in verbinding was nie.<sup>83</sup>

Op 8 en 9 Maart 1915, 'n paar dae na sy verslag verskyn het, het Fouché voor die parlementêre Gekose Komitee oor die Rebelleie getuienis afgelê. Nadat Fouché lank oor deel I, hoofstuk III van die verslag wat handel oor die beoogde opstand van 15 September uitgevra is, wou Patrick Duncan, voorsitter van die Gekose Komitee, weet wie die geheime informant was: "Kan u ons zeggen wie die persoon is? – Ja, doch ik hoop het zal de persoon geen nadeel doen. Het was ex-majoor J.J. Pienaar." Dit blyk dus dat Fouché nie huis gretig was om die identiteit van Pienaar bekend te maak nie. Volgens Fouché het Pienaar verskeie samesprekings met Beyers gehad en was hy goed op hoogte van die komplot. Op 'n vraag van Duncan het Fouché geantwoord dat die verklaring van Pienaar redelik betroubaar is, maar dat hy tog die gevoel gekry het dat Pienaar nie alles vertel het wat hy weet nie. 'n Direkte vraag van Duncan het 'n ewe direkte antwoord van Fouché ontvang: "U kreeg bewijs van de plannen voor de 15de September uit de getuigenis van Pienaar? – Ja, Pienaraars getuigenis tezamen met Liebenbergs." Daar sal onthou word dat Liebenberg saam met Pienaar na die Koppies-vergadering van 13 Oktober gereis het, waartydens laasgenoemde die opspraakwekkende onthullings sou gemaak het. Liebenberg het egter by elke geleenthed wat hy oor die voorval uitgevra is, bloot oorvertel wat Pienaar hom meegedeel het – sonder om te meld dat hy self goed op hoogte van die beplande opstand van 15 September was. Duncan wou weet of die 15 September-komplot lank vooruit beplan is. Fouché het bevestigend geantwoord en na die Pienaar-verklaring verwys en bygevoeg: "Ik veronderstel dat de Provoost-Maarschalk u die verklaring kan geven."<sup>84</sup>

Van 16 tot 18 Maart het Fouché vir 'n tweede keer voor die Gekose Komitee verskyn. Hy het toe eers 'n aantal dokumente ingedien soos vroeér deur die Komitee versoek, maar geen verklaring van Pienaar nie. Dit is opvallend dat die enigste NP-lid op die Komitee, C.A. van Niekerk, tydens die tweede onderhou heelwat meer vrae aan Fouché gestel het. Hy was veral gretig om te weet wat van Pienaar se verklaring geword het. Fouché het erken dat hy, wat deel 1, hoofstuk III, van die verslag betref, "doorlopend uit Pienars verklaring aangehaald" het. Op 'n vraag van Van Niekerk of Fouché die verklaring kon staaf het hy geantwoord: "Ik heb u gesegd dat er geen *schriftelike* verklaring van Pienaar is"<sup>85</sup> – voorwaar 'n verwarringe antwoord. Moontlik het Fouché bedoel dat daar toe nog geen formeel, *beëdigde* verklaring beskikbaar was nie. Fouché was egter nie 'n goeie getuie nie – hy was soms onseker en die komiteelede het by tye onsamehangende en vae antwoorde van hom gekry.

Hoewel die verklaring van Pienaar beslis as die belangrikste dokument van die 15 September-komplot beskou moet word, het die Gekose Komiteelede dit nooit te siene gekry

82. UG 10-'15, *Rapport oor het Uitbreken der Rebelleie ...*, pp. 8-11, 15-16, 32.

83. S.B. Spies, *The Rebellion in South Africa*, p. 59 voetnoot 7; G.D. Scholtz, *Generaal Beyers*, pp. 240-242.

84. SC 1-'15, *Verslag van het Gekozen Komitee op de Rebelleie*, pp. 23-24.

85. SC 1-'15, *Verslag van het Gekozen Komitee op de Rebelleie*, p. 92 (ek kursiveer).

nie. Dit wil trouens voorkom asof die verklaring om die een of ander rede, van die Komiteelede weerhou is. Eers meer as 'n jaar later (28 Junie 1916) toe die Regterlike Kommissie die oorsake van die Rebellion ondersoek het, het een van die getuies, die assistent-provoost-geweldiger van die Unie, A.E. Trigger, 'n reeks dokumente by die Kommissie ingedien, onder andere 'n "kopie van de oorspronkelike beëdigde verklaring gemaak door Johannes Jacobus Pienaar – oud-Majoor – onder datum van de 30ste Maart 1915."<sup>86</sup>

In die Regterlike Kommissie se verslag (UG 46-'16) oor die Rebellion is daar 'n lys van die dokumente wat voor die Kommissie gedien het en wat in die aanbieding van die verslag gebruik is. Die Pienaar-verklaring is gebruik, maar nie soos met talle ander wel die geval was, in die verslag gedruk nie.<sup>87</sup> Dit skyn asof die verklaring spoorloos verdwyn het en gevolglik kan oor die inhoud daarvan maar net gespekuleer word. Dit wil egter voorkom asof Pienaar se verklaring aan Fouché in hoofsaak op gebeure rondom die komplot van 15 September betrekking gehad het, want daarna word die verklaring nie weer in die verslag aangehaal nie. Trouens, die enigste ander geleentheid waar Pienaar weer in die verslag na vore tree, is tydens die rit na Koppies en sy optrede op die vergadering aldaar – inligting wat Fouché van Liebenberg ontvang het.

Hoewel die argiewe van onder meer die Departement Regswese, Transvaal (LD), die Meester van die Hooggereghof (MHG), die Department van Justisie (JUS) en die Direkteur van Genvangenisse (GEV) deurgewerk is, kon geen verwysing na die Pienaar-verklaring gevind word nie. Op 28 Augustus 1916 (byna agtien maande nadat Fouché se verslag in die vorm van 'n 'Blouboek' verskyn het), het die Sekretaris van Verdediging namens sy minister aan die Sekretaris van Justisie geskryf en gevra dat "copies of the various original documents" oor die Rebellion aan Fouché beskikbaar gestel word, aangesien hy deur die regering gelas is om "the official history of the rebellion" te skryf. Justisie het geen beswaar daarteen gehad nie<sup>88</sup> en moontlik het Fouché aan die projek gewerk, maar dit is beslis nooit gepubliseer nie. Dit is ook net moontlik dat die Pienaar-verklaring saam met die ander dokumente in Fouché se hande beland het ...

Waarom het Pienaar in die tronk dié verklaring aan Fouché gemaak? Trouens, daar is sprake van vier verklarings deur hom. Ten einde die verklarings in historiese perspektief te plaas, is dit nodig om die kronologiese verloop van gebeure vas te stel.

Op 31 Desember 1914 of 2 Januarie 1915 is Pienaar aangekeer. Op 4 Januarie het Pienaar sy eerste verklaring in die Pretoria-tronk voor hoofspeurkonstabel Charles MacKay afgelê. Die hele 'verklaring' beslaan slegs 'n paar reëls en dit skyn asof dit die standaardverklaring was wat meeste rebelle afgelê het, byvoorbeeld waarom hy gerebelleer het en deur wie, waar en wanneer hy gevange geneem is.<sup>89</sup> Op 30 Maart 1915 is Pienaar se berugte verklaring aan Fouché onderteken, met ander woorde, 'n week voor sy voorlopige ondersoek op 6 April in die hof sou begin. Intussen het Smuts, die Minister van Verdediging, die verslag (Blouboek) van Fouché, waarin herhaaldelik na die Pienaar-verklaring verwys word, reeds op Maandag 1 Maart by die Volksraad ingedien.<sup>90</sup> Al logiese verduideliking vir die eienaardige verloop van gebeure is dat Fouché waarskynlik reeds in die loop van Januarie en Februarie met Pienaar onderhandel het en dat die verklaring

86. UG 42-'16, *Rechterlike Kommissie van Onderzoek*, Notulen van Getuigenis: A.E. Trigger, p. 370.  
87. UG 46-'16, *Report of the Judicial Commission of Inquiry* ..., pp. ix-x.  
88. SAB, JUS, Band 425, verwysing 1/203/16, Secretary for Defence – Secretary for Justice, 28 August 1916 en Secretary for Justice – Secretary for Defence, 31 August 1916.  
89. TAB, Tpd 15/2, no 6: Rex versus Pienaar, pp. 325, 352.  
90. *Volksraad Debatten*, 1 Maart 1915, kolom 19.

in konsepform opgetrek was, voordat dit op 30 Maart formeel beëdig en onderteken is. Die volksraadslede het natuurlik op 1 Maart nog nie geweet wie die geheimsinnige informant van Fouché was nie. Maar toe die Gekose Komitee op 8 Maart met sy werksaamhede begin, het dit spoedig aan die lig gekom dat Pienaar die betrokke persoon was. Die volksraadslede het nou geweet, maar die publiek in die algemeen nog nie.

Op 20 April 1915 het die Pienaar-verklaring in die Volksraad oopslae gemaak toe 'n NP volksraadslid aan die Minister van Justisie, H.C. van Heerden, die volgende twee vrae gestel het: "(1) Of de Prokureur-Generaal van de Transvaal veroorloofd is, persoonlik of door bemiddeling van anderen in voorarrest zijnde voormannen van de rebellie lastig te vallen door te trachten hem over te halen kroongetuigen te worden; en (2) of er, en zo ja, welke invloed aangewend werd op eks-Majoor J.J. Pienaar, tans in de gevangenis te Pretoria, om een zekere verklaring te tekenen, strekkend tot bewijs van de theorie inzake 'duitse agente'". Hierop het die Minister geantwoord dat (1) heeltemal ongegrond was en (2) dat Pienaar die verklaring "geheel vrijwillig en zonder dat druk op hem uitgeoefend werd, aangelegde en getekend" het.<sup>91</sup>

Die volgende dag het *De Volkstem* en ander nuusblaaie dekking aan bogenoemde insident gegee en gevolglik was Pienaar se verklaring nou algemeen bekend.<sup>92</sup> Uiteraard het hierdie nuus vir Pienaar in 'n moeilike posisie geplaas – dit het gelyk asof hy, 'n rebelleleier, met die 'vyand' heul. Gevolglik het sy regsvteenwoordiger, advokaat A.S. van Hees, 'n persverklaring uitgereik waarin Pienaar se *derde* verklaring vervat is – dit was op 7 Mei 1915. Van Hees het probeer om, in die lig van allerlei gerugte wat die rondte gedoen het, Pienaar se optrede 'in perspektief' te plaas. Hy het erken dat sy kliënt wel 'n vrywillige verklaring afgelê het, "vooral met 't oog op 't onderzoek van de *Rebellie-kommissie uit de Volksraad*", maar die verklaring strekt in genen dele om die beweerde "duitse agententeorie te besvestigen".<sup>93</sup> In sy kort inleiding tot sy verslag het die parlementêre Gekose Komitee op 16 April 1915 egter sy spyt uitgespreek dat sekere rebelleleiers in die gevangenis wat bereid was om voor die Komitee te getuig, *nie* die geleentheid daarvoor kon kry nie "onder <om> het gerechtelik onderzoek aanmerkelik te storen" – ("without considerable interference with the administration of justice").<sup>94</sup> Dit is moontlik dat Pienaar (soos Webb beweer) tog so 'n verklaring afgelê het, maar soos aangetoon het die Gekose Komitee geen verklaring van Pienaar ontvang nie – iets wat hulle dolgraag wou gehad het. Na Van Hees se uiteensetting het Pienaar se derde verklaring gevolg. Die verklaring is 'n redelike getrouwe weergawe van Pienaar se doen en late soos reeds in hierdie artikel beskryf. Daar is egter een belangrike weglatting – die reis na Koppies en die gesprek met Liebenberg – dit is verstaanbaar want hierdie gesprek het juis die 'duitse agenten-teorie' bevestig. Die verklaring eindig met die volgende woorde: "Majoor Pienaar heeft geen andere verklaring aangelegd dan deze"<sup>95</sup> – wat natuurlik nie die waarheid was nie.

91. *Volksraad Debatten*, 20 April 1915, kolom 1260.

92. *De Volkstem*, 21 April 1915; *Pretoria News*, 21 April 1915.

93. *De Volkstem*, 7 Mei 1915 (ek kursiveer).

94. SC 1-'15, *Verslag van het Gekozen Komitee op de Rebellie*, p. x; UG 46-'16, *Report of the Judicial Commission of Inquiry* ..., p. 12. Die Spesiale Hof het eers teen die middel van Julie 1915 met sy werksaamhede in Transvaal begin, terwyl die Blouboek met Pienaar se verklaring daarin reeds op 2 Maart by die staatsdrukker vrylik verkrybaar was. Die vraag ontstaan dus of die Pienaar-verklaring nie dalk die regverdigde regspiegeling van sommige rebelleverhore kon beïnvloed het nie. *De Volkstem*, 2 Maart 1915.

95. *De Volkstem*, 7 Mei 1915.

Net voordat Pienaar gevonnis is, het hy verlof gekry om 'n verklaring af te lê, waarin hy onder meer "duidelik willen maken de oorzaken van die opstand." Daar was niks nuuts in hierdie, sy vierde verklaring, nie en dit moet eerder gesien word as 'n pleidooi vir versagtende omstandighede en 'n poging om sy optrede te regverdig. Regter Lange het hom in 'n stadium in die rede geval en daarop attent gemaak dat hy (Pienaar) "hier geen 'public speech' moet staan maken." Nietemin het Pienaar "enigszins onthuts" voortgegaan en ten slotte 'n skerp aanval op Liebenberg gemaak. Hy het byvoorbeeld beweer dat Liebenberg hom tydens hulle gesprek oppad na Koppies sterk teen die regering se beleid uitgespreek het en eintlik vuur en vlam vir die opstand was<sup>96</sup> – 'n uiters debatteerbare stelling. Dit is tog nie logies dat Liebenberg op 12 Oktober wil rebelleer en net die volgende dag as die groot vredemaker tydens die Koppies vergadering optree nie.<sup>97</sup>

In sy uitspraak het Lange verwys na die gesprek en veral na Liebenberg se getuenis: "He was a witness who appeared before the Court in several cases and the Court has relied upon that evidence." Maar, het Lange voortgegaan, "we won't regard your conversation with Liebenberg as anything which can be taken against you."<sup>98</sup> Dit wil dus voorkom asof die hele kwessie rondom die aard en inhoud van die gesprek (vir die hof altans) in onsekerheid gehul was.

Hierbo is die vraag gestel waarom Pienaar die verklaring aan Fouché gemaak het. Onthou moet word dat toe Pienaar aangekeer is, feitlik al die rebelle, met uitsondering van Kemp en Maritz,<sup>99</sup> reeds agter slot en grensel was. Pienaar kon dus gevoel het dat 'n verklaring oor die mislukte rebellie geen skade kon doen nie en moontlik sy eie posisie kon baat. Die vermoede bestaan dan ook dat hy sy samewerking gegee het. Hy het skuldig gepleit en die hof het hom minder hard behandel as van die ander beskuldigdes. Maar waarom het hy sy verklaring aan Liebenberg so heftig ontken – of altans sy kennis van die 15 September-komplot? Deels is die vraag reeds beantwoord. Sy 'samewerking' met die regering kon verkeerd vertolk word – sy rebellemakkers kon hom dit verkwaliik. Fouché was juis baie traag om Pienaar se naam aan die Regterlike Kommissie bekend te maak omdat hy bevrees was dat dit diel laasgenoemde in 'n moeilike posisie sou plaas. In Mei 1916 is alle Nasionaliste deur die Transvaliese leier van die NP, Tielman Roos, aangesê om nie getuenis voor die Regterlike Kommissie te lewer nie. Enige samewerking met die regering is ontmoedig.<sup>100</sup> Die enigste rebelleleier wat wel voor die Kommissie getuig het, was kommandant Sarel Alberts.<sup>101</sup> Selfs in 1919-1920 toe Pienaar sekerlik geen rede gehad het om iets weg te steek nie, het hy in sy herinneringe soos aan Oost meegedeel geen melding gemaak van sy betrokkenheid in of kennis van die beoogde opstand van 15 September nie; hoewel hy in besonderhede van sy ander wedervaringe vertel.

Pienaar was 'n intrigant en die feit dat so min oor hom bekend is, is waarskynlik te wyte aan die feit dat hy self aanvanklik verkieks het om op die agtergrond te bly. Gevolglik word hy in studies oor die Rebelle bloot as 'n randfiguur uitgebeeld. Sy optrede was egter tiperend van meeste rebelleleiers, want sedisie is per slot van sake 'n ernstige misdaad wat nie openlik beplan word nie. Hoewel Pienaar nie een van die voorste leiers was nie, het hy tog 'n betekenisvolle aandeel in die beplanningsfase van die opstand gehad. Maar ook as

---

96. *De Volkstem*, 30 Julie 1915.

97. J.C.G. Kemp, *Die Pad van die Veroweraar*, pp. 257-258.

98. TAB, Tpd 15/2, no 6: Rex versus Pienaar, p. 320.

99. S.B. Spies, *The Rebellion in South Africa*, pp. 196-219.

100. UG 46-'16, *Report of the Judicial Commission of Inquiry* ..., p. 2.

101. UG 42-'16, *Rechterlike Kommissie van Onderzoek*, Notulen van Getuigenis: S.F. Alberts, pp. 167-174.

aktiewe rebel in die veld het hy 'n rol gespeel. Soos aangetoon, het hy teen November 1914 byvoorbeeld bevel gevoer oor vyf kommandante en 'n rebellemag van meer as 600 man wat oor 'n uitgestrekte gebied in die Noord-Transvaalse bosveld geopereer en duisende regeringstroepe besig gehou het. Pienaar kan inderdaad soos Van Broekhuizen, Chris Muller en Alberts, as een van die 'mindere leiers' van die Rebellie beskou word. Maar juis omdat hierdie groep ook gerespekteerde lede van die Afrikanersamelewing was, sou hulle toetrede tot die opstand baie mede-Afrikaners tot verset aangespoor het. Toegegee, baie armblanke van die bywonersklas (wat 'n aansienlike deel van die rebellemag uitgemaak het) het min orroeding nodig gehad om te rebelleer, want vir hulle was die heersende droogte waarskynlik die laaste strooi en die vooruitsigte op moontlike geldelike beloning indien die Rebellie sou slaag, die laaste wanhopige uitweg. Sonder leiers wat die inisiatief geneem het, is dit egter twyfelagtig of die protestbeweging ooit tot aktiewe opstand sou oorgegaan het.

Ten slotte was Pienaar, anders as byvoorbeeld Beyers en Alberts, wat feitlik teen wil en dank in die *aktiewe* rebellie betrokke geraak het, 'n oortuigde rebel. Soos byvoorbeeld Kemp en De la Rey het hy vanuit die staanspoor sy volle gewig by die beoogde opstand ingegooi om die sukses daarvan te probeer verseker – al was sy optrede aanvanklik minder openlik en meer subtel as wat die geval met van die ander leiers was. Hoewel Pienaar as rebel in die veld hom goed van sy taak gekwyt het, kan sy optrede na sy gevangeneming egter beslis bevraagteken word ...

Na 'n verblyf van ongeveer twee jaar in die tronk – van Januarie 1915 tot November 1916 – is Pienaar op parool vrygelaat, maar vir die duur van die oorlog tot die distrik Barberton ingeperk.<sup>102</sup> Intussen het hy hom op boerdery toegelê en ook 'n in- en uitvoeronderneming beheer. Maar Pienaar se politieke loopbaan is slegs tydelik onderbreek. Die Rebellie wat soveel haat en verdriet voortgebring het, sou op die lange duur veel vir Pienaar se loopbaan beteken. Die rebelle is deur 'n groot deel van die Afrikaners as volksheld beskou – en ook Pienaar sou later die vrugte pluk van hierdie verering. In 1924 is hy as Volksraadslid vir Marico gekies en het die kiesafdeling tot 1938 verteenwoordig. In 1938 is hy as Administrateur van Transvaal aangewys en in 1943 vir 'n verdere termyn aangestel. Hy was 'n bekwame Administrateur wat gekant was teen enige partypolitiek in die Provinciale Raad. In 1948 het hy afgetree en 'n paar jaar lank naby Witrivier geboer. Daarna het hy hom in Pretoria gevestig waar hy op 29 April 1966 – op 89-jarige ouderdom – oorlede is.<sup>103</sup>

---

102. SAB, GEV, Band 4, verwysing PD 0483/40, no 31.

103. *Pretoria News*, 29 April 1966.